Gebed vir Heilige Donderdag

Here Jesus, op hierdie heilige aand gaan ons gedagtes terug na daardie aand, soveel jare gelede, toe U die laaste keer met u dissipels die pasga gevier het. Ook hy wat U verraai het, was saam met U aan tafel. Ook hy wat U verloën het, was daar. Ook hulle wat weggevlug het in die nag …
Ons dink vanaand aan U worsteling in Getsemane, toe u sweet soos bloeddruppels geword het van angs oor dit wat U geweet het op U sou wag, die lydensbeker waarvan U weggedeins het, maar toe tóg gedrink het omdat dit die Vader se wil was, en omdat U ons liefhet.
Ons dan kom vanaand na U toe om U te eer, om onsself opnuut aan U te wy.

Here, u Woord leer ons dat:
U Uself nie as te Goddelik beskou het om mens te word nie,
U Uself nie as te hoog beskou het om verneder te word nie,
U Uself nie as te glansend beskou het vir ons duisternis nie,
U Uself nie as te regverdig beskou het vir ons skuld nie,
U Uself nie as te goed beskou het vir ons nood nie.
Help ons om te verstaan hoe ver u liefde vir ons strek,
maak ons verwonderd oor u gesindheid teenoor ons
en laat dieselfde gesindheid in ons kom woon
ter wille van u Naam op aarde.

Amen

Gebed by Psalm 22

Ontredderd van smart en vrees
draai die verstotenes na U:
goeie Here, verlos ons

in ons uur van nood,
o allerheiligste God, o sterke God
Wie se wysheid die kruis van Christus is.

vertaal uit The Archbishops' Council of the Church of England

---

Gebed vir Lydenstyd

Here Jesus

In hierdie dae word ons weer in verbystering stil voor u liefde: dat U gekom het na die wêreld toe om te sterf. Ons is verbysterd daaroor, Here, want dis nie soos ons is nie. Dankie dat U nie soos ons is nie, Here. Dankie dat U Uself gegee het tot in die dood. Dankie dat U ons Verlosser geword het.
Ons aanbid U, Here Jesus, Koning van die kerk en van ons lewens. Wil U tog in hierdie dae opnuut Uself aan ons verbind; wil U ons asseblief deur u Heilige Gees verander dat ons soos U kan word, U kan navolg, onsself kan aflê. Word U tog meer in ons, Here Jesus, sodat dit nie meer ons sal wees wat lewe nie, maar U in ons!
O Seun van God wat gekom het om u lewe vir ons af te lê, hoor ons gebed!

Skenk ons die visie, o Vader, om soos U na die wêreld te kyk. Om nie die wêreld te sien as 'n probleem nie, maar as mense wat u liefde en u genade nodig het, mense wat iewers langs die pad die spoor byster geraak het, sodat U in Christus Jesus hulle weer kom soek het. Vergewe ons dat ons net dié liefhet wat vir ons liefhet, dat ons net vir hulle bid wat naby ons staan, dat ons tevrede is om met ons eie klein kringetjie gelowiges voort te gaan.
O Vader wat nie behae het in die dood van die sondaar nie, maar daarin dat hy hom bekeer en kan lewe, hoor ons gebed!

En nou, o Gees van God, bid ons dat U in ons sal werk, sodat Christus in ons

lewens verheerlik sal word. Verander ons, dat ons hoe langer hoe meer soos Jesus sal word. Bly met ons besig, o Gees, totdat die dag kom waarop elke knie voor Christus sal buig en elke tong sal bely: Jesus is Here!

Dit vra ons alles met die gebed dat U verheerlik sal word in ons.
Amen.

Gebed om geloof

Almagtige en ewige God,
vermeerder in ons u gawe van geloof
sodat ons kan vergeet wat agter is
en ons kan uitstrek na wat voorlê,
en op die weg van u gebooie kan bly
en die kroon van ewige vreugde ontvang;
deur Jesus Christus, u Seun en ons Here,
wat leef en regeer met U
in die eenheid van die Heilige Gees,
een God, nou en vir altyd.

vertaal uit The Archbishops' Council of the Church of England

---

Gebed by Psalm 123

Soewereine God op u troon in die hemel,
kyk na ons met u genadige oë

soos ons na U kyk in nederigheid en liefde,
en vul ons siele met u vrede
deur Jesus Christus ons Here.

vertaal uit The Archbishops' Council of the Church of England

---

Gebed by Psalm 57

Tere God,
sagte beskermer in tyd van nood,
deurbreek die duisternis van wanhoop
en gee aan ons, met al u mense,
die lied van vryheid en die jubeling van lof;
in Jesus Christus ons Here.

vertaal uit The Archbishops' Council of the Church of England